# GEMEENTEBULLETIN

**27 AUGUSTUS 2021**

## EREDIENSTE

**Sondag 29 Augustus 2021**

Eredienste word in die kerk, kapel en aanlyn aangebied en 50 persone word per diens in die kerk en 20 persone in die kapel toegelaat. Geen besprekings is nodig nie. Die oorvloei van kerkgangers word in die kleinsaal geakkommodeer. Besoek www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal om na die aanlyn dienste te kyk.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk en aanlyn** | Ds. Why Duvenhage

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel en aanlyn** | Ds. Philipp Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk en aanlyn** | Ds. Marius Breytenbach

**Relevantdiens 18:00 in die kerk en aanlyn** | Ds. Hanno Ackerman

## GEDENKDIENS

Albertus Johannes (Albertus) Gouws (27/11/1950 - 19/08/2021). Sy gedenkdiens is op Donderdag 2 September om 12:00 in die kerk en kan aanlyn deur dié skakel gekyk word: https://youtu.be/2Z8FgkfcrCA

## BYBELSTUDIE EN BIDUUR VIR VROUE

Vrouebybelstudie word elke Maandag om 10:00 in die kleinsaal aangebied. Skakel gerus in soos dit jou pas. Om notas oor temas wat behandel word, per e-pos te ontvang, stuur asseblief jou e-posdres aan odette@stellenberg.co.za. Daar is ook Maandagoggende om 09:15, voor die Bybelstudie, ’n biduurgeleentheid vir vrouens.

## VERGETE BYBELS

By die kerkkantoor is ’n hele paar duursame Bybels wat in die kerk agtergebly het. Kontak asb. die kerkkantoor tussen 08:00 en 14:00 by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za om dit af te haal.


**KONTAK ONS**

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**STELLENBERGER FEESUITGAWE**

Ter viering van die gemeente se 50ste bestaansjaar is ’n spesiale feesuitgawe van die Stellenberger saamgestel. Lees die uitgawe op www.stellenberg.co.za. Harde kopieë van die feesuitgawe is in die voorportaal van die kerk, asook by die kerkkantoor beskikbaar. Dié uitgawe kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word.

## KATEGESE: ANNIBRAND

Junior kategese is Sondae vanaf 10:15 tot 11:00. Groepe sal tot 50 persone per groep beperk word.

- Graad 1 tot 3 kom in die kleinsaal byeen.
- Graad 4 tot 6 kom in die ou kafeteria byeen.

Annibrand Senior: Tieners word uitgenooi om die jeugdiens in die kerk om 18:00 by te woon. Gespreksgroepe volg vanaf 18:45.

## KLIPHEUWELPROJEK | OMGEEBOKSE

Die jeugbediening besoek elke Donderdagmiddag die informele nedersetting in Klipheuwel, waar 'n tuiswerkondersteuningsprogram by die *Klippies Kids*-skool aangebied word. Kinders ontvang ook weekliks iets te ete by die tuiswerkhulpklasse. Tydens Augustus- en Septembermaand wil ons graag iets ekstra vir die kinders doen. Ons versoek lidmate om bokse saam te stel – vir seuns of dogters – bestaande uit die volgende produkte:

- Deodorant en seep
- Haarsjampoe en opknapper (*conditioner)*
- 'n Boksie kitssop
- 'n Pak mieliemeel
- 'n Boksie sojamaalvleis
- Sanitêre doekies
- 'n Folioblok, pen, potlood en uitveër. Gee bydraes, of verpakte bokse, asseblief voor 30 September by die kerkkantoor af.

## MET LEEDWESE

Marie Celesté Brand (28/02/1934 - 25/08/2021). Marie was sedert 2006 'n lidmaat van die gemeente en inwoner van La Vie est Belle-aftreeoord. Ons opregte meegevoel met haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat. Dirk Brand, haar seun en Christel, skoondogter, is ook lidmate van die gemeente. Gedenkdiensreëlings is nog nie bekend nie.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## BYBELSKOOLKURSUS

**’n Geloof wat groei | 5 Sessies deur ds. Breytenbach**

Tydens die derde kwartaal fokus eredienste op Koninkrykstyd wat na ’n groeifase in die kerkjaar verwys. In die lig hiervan bied die Bybelskool ’n reeks sessies aan wat aan geloofsgroei aandag skenk. Die volgende gaan bespreek word:

- Wat beteken dit om vandag jou geloof in God te bely?
- Hoe raak en verander so ’n belydenis my lewe?
- Hoe hanteer ons mense binne die kerk wat verskillend glo?
- Wat van mense wat van hulle geloof afstand gedoen het?

Ons gaan die storie van geloof, soos verwoord in die Bybel en deur die kerk se geskiedenis in Belydenisskrifte, volg en aandag skenk aan hoe dit jou eie lewe raak wanneer ’n mens bely: “Ek glo”.

Die kursus begin Maandag 30 Augustus om 19:00 in die kerkgebou en sal ook aanlyn beskikbaar wees. Die opvolgdatums is Maandag 6 Sept., Dinsdag 14 Sept., Maandag 20 Sept. en Maandag 27 Sept. Indien jy die sessies fisies wil bywoon, bespreek by Karin Barter, karin@stellenberg.co.za of 021 976 4519. ’n Donasie van R30 kan gemaak word om die koste van die notas te dek.

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

**Daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon**

Indien jy graag na die daaglikse stemopname deur leraars op jou selfoon wil luister, stuur asb. ’n WhatsApp of ’n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie, slegs die stemboodskappe.

**Die bulletin asook die skakel na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon.** Ontvang die **bulletin** asook die skakel na die aanlyn erediens **elke Vrydag** op jou selfoon. Sodoende kan jy na die preek op jou selfoon kyk. Stuur asb. ’n WhatsApp of ’n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 2 September.

### HUISBYEENKOMS

5 September 18:00: Hoe om met liefde te betaal!

1 Korintiërs 13.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEESTELIKE DAGSTUKKE

Geestelike dagstukke, voorberei deur gemeenteleraars, bestaande uit ’n stemboodskap en ’n geskrewe dagstuk, is daagliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar of op die gemeente se Facebook- en Instagrambladsye.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 6 September om 09:30 in die markplein bymekaar.

## WINTERHULP – DIE NOOD IS GROOT

Hier volg van die dringendste behoeftes waar jy hulp kan verleen:

- **HANDE EN RANDE** is die gemeente se voedselvoorsieningsprogram. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak om voedselnood te verlig, kan jy dit elektronies oorbetaal na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Verwysing: Hande en Rande. Bydraes kan ook by die kerkkantoor inbetaal word.
- **SOP** word aan verskeie sopkombuise in die Skiereiland voorsien. Minstens 250 liter sop word weekliks by sopkombuise in Ravensmead, Wesbank en Khayelitsha aan kinders uitgedeel. Enige iemand wat bereid is om sop te kook en dit in bevrore formaat Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 by die saalkompleks of kerkkantoor af te gee, se hulp sal waardeer word. Lewer gerus jou bydraes soos dit jou pas. Rig navrae aan Anene Nortier by 083 581 6930.

## FEESMARK | PAKKERS EN KASSIERE

Aansoeke om as pakkers, kassiere of vloerbestuurders by die feesmark te werk, is nou oop. Aansoekvorms kan van www.stellenberg.co.za afgelaai word. Stuur voltooide aansoekvorms so spoedig moontlik na feesmark@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.